

DIE GRAF VAN ANTJIE SCHEEPERS

Min mense weet dat Antjie Scheepers, die weduwee en een van die hooffigure van die Trigardt-trek, vir 85 jaar begrawe gelê het in 'n graf sonder 'n grafsteen op 'n plaas naby die dorp Ladybrand en dat haar stoflike oorskot nou rus in 'n pragtige monument, wat ter nagedagtenis van haar opgerig is by die hoërskool op die dorp Ladybrand in die Vrystaat.

In Mei 1939 toe ek Direkteur van Onderwys in die Vrystaat was, het 'n kort berig in *Die Volksblad* verskyn en daarin is aangekondig dat die graf van Antjie Scheepers ontdek is op 'n plaas omtrent 5 myl van die dorp Ladybrand. Ek het onmiddellik nadat ek die berig gelees het, aan die prinsipaal van die hoërskool van Ladybrand geskrywe en hom versoek om sy geskiedenisonderwyser namens my te vra, om dadelik die waarheid van die berig te ondersoek en aan my te rapporteer.

Meneer W. C. du Randt, die destydse geskiedenisonderwyser, het baie gunstig gereageer en aan my meegedeel dat hy bewyse het dat die graf van Antjie Scheepers op die plaas Welgevonden, 5 myl van Ladybrand, geleë is. Onmiddellik het ek in my motor gespring en eenstof na Ladybrand gesnel — daar was destyds nie 'n teerpad tussen Bloemfontein en Ladybrand nie. Daar aangekom het ek mnr. du Randt opgelaa en na die plaas Welgevonden gegaan. Op die aangrensende plaas Bakenkop het 'n sekere Frederick Wilhelm Anderson destyds gewoon. Hy was toe 72 jaar oud. Hy was 'n stiefkleinkind van Antjie Scheepers en as elfjarige seun het hy die begrafnis van Antjie Scheepers, wat op 9 Augustus 1878 op die plaas Welgevonden oorlede is, bygewoon. Hy het ons na die familiebegraafplasing op Welgevonden geneem en met groot beslistheid en sonder aarseling, die hopen grond gewys wat die graf van Antjie Scheepers aandui. Dit was die laaste graf aan die oostelike ent van die begraafplaas en wel in die tweede ry grafte teen die suidelike grens daarvan. Ander familieleden het bevestig dat dit die graf is wat aan hulle al die jare bekend was, as Ouma Antjie se graf. Belangstelling het toe vlam gevat en die dorp en distrik wat vir meer as 60 jaar onbewus was dat 'n heldin van die Trigardt-trek in hulle onmiddellike omgewing lê, het toe ontwaak. Die Landbouhuishoudskool vir meisies, wat destyds op Ladybrand was, maar later verskuif is na Tweespriut, het dadelik sy naam verander tot die *Anna Scheepers-landbouhuishoudskool* en die destydse prinsipaal, dr. P. A. Conradie, het ywerig gehelp om meer informasie omtrent Antjie Scheepers in te win.

Intussen het mnr. du Randt vir mnr. Anderson na 'n prokureur geneem en 'n beëdigde verklaring van hom verkry oor sy verwantskap met Antjie Scheepers, haar laaste jare op Welgevonden, haar begrafnis en haar graf. Dié verklaring het hy aan my gestuur en is in my besit. Mnr. Anderson is nie lank daarna nie oorlede. Dr. Conradie maak toe 'n ontdekking wat ons onsaglik veel gehelp het om die geskiedenis van Antjie Scheepers te ontrafel. By 'n kleinkind van Antjie Scheepers, Giel Vermaak, kry hy 'n sterfkennis van haar wat tussen die dokumente van die ouma na haar

dood gevind is. Hiervan het hy 'n afskrif aan my gestuur. Hier volg die belangrike dokument:

STERFKENNIS

1. Naam van den overledene: Anna Susanna Vermaak geboren Scheepers weduwe wylen Ignatius Marthinus Vermaak vroeger gehuwd met Gerhardus Scheepers.
2. Geboorteplaats van den overledene: District Somerset Oost in de Kaap Kolonie Kaap de Goede Hoop.
3. Naam der Ouders van den overledene: Jacobus Scheepers en Johanna Jacomina van der Westhuizen.
4. Ouderdom van den overledene: twee en seventig jaaren, een maand en veertien (14) dagen.
5. Beroep: Vee Boerdery.
6. Getrouwd of ongetrouwd: weduwnaar of weduwe: weduwe.
7. Dag van het sterfgeval: 9 Augustus 1878.
8. In welk huis, of waar de persoon gestorven is: Op de plaats Welgevonden, district Lady Brand, ten huise van Cornelis Vermaak.
9. Of er een testament is: testament d.d. 10 Juny 1875.
10. Welke goederen nagelaten: roerende of onroerende, of beide: losse goederen nagelaten soo als vee en huisraad.
11. Namen der kinderen van den overledene, óf mondig óf onmondig:
 1. Cornelis Coenraad Scheepers
 2. Jacobus Joh. Scheepers
 3. Johanna Jacomina Scheepers
 4. Gerhardus Stephanus Scheepers
 5. Lucas Johannes Scheepers
 en Cornelis Marthinus Vermaak, allen mondige kinderen.
 get. C. M. Vermaak.

Welgevonden,
 Distr. Lady Brand.
 6 October 1878.

voor copy conform
 P. G. R. de Villiers,
 Weesheer,
 O.V.S.
 Stempel
 Weesheer,
 O.V.S.

Gewapen met die informasie wat ek uit bostaande sterfkennis gekry het, kon ek toe haar hele vroeë en haar latere geskiedenis na die Trek opspoor. In die *Geslacht-register der Oude Kaapsche Famieliën* van C. C. de Villiers, het ek gevind dat haar vader, Jacobus Johannes Scheepers, gedoop op 25 Augustus 1782, 'n burger van Stellenbosch was en op 14 Augustus 1803 in die huwelik getree het met Johanna Jacomina van der Westhuizen. Sy tweede kind was Anna Susanna en sy is gedoop op 16 November 1806. Volgens die sterfkennis was sy op 9 Augustus 1878 toe

sy oorlede is, 72 jaar een maand en 14 dae oud. Haar geboortedatum moes dus op 26 Junie 1806 geval het as die opsteller van die sterfkennis sy berekening reg gedoen het en gevolglik was sy reeds 4 maande en 22 dae oud toe sy gedoop is.

Haar eerste man, Gerhardus Stephanus Scheepers, is volgens die doop-register van Graaff-Reinet op 28 Oktober 1798 gedoop. Die *Geslacht-register der oude Kaapsche Famieliën* bevestig dit. Sy ouers was Coenraad



Monument ter ere van Antjie Scheepers.

Stephanus Scheepers en Sara Johanna Jansen. Ongelukkig kon ek nie daarin slaag om uit te vind waar en wanneer Gerhardus Stephanus Scheepers en Anna Susanna Scheepers, in die huwelik getree het nie.

Haar wedervarings en lyding op die Trigardt-trek en in Delagoabaai, is opgeteken in die *Dagboek van Louis Trigardt*. Nadat sy en haar dogter en vier seuns uit Delagoabaai op 19 Julie 1839 per skip in Durban aangekom het, het sy per geleentheid van Natal na die ou Kolonie gegaan en

wel na Olifantshoek, naby Uitenhage. Daar het sy in 1844 weer in die huwelik getree. Uit die trouregister van Uitenhage vind ons die volgende:

„Ignatius Marthinus Vermaak, wewenaar, landbouer van Gamtoosrivier is op 22 Julie 1844 getroud in die N.G. Kerk te Uitenhage met Anna Susanna Scheepers, weduwee van wyle Gerrit Scheepers, deur ds. Alexander Smith. (Die weduwee Scheepers was woonagtig te Boesmansrivier, dist. Uitenhage.)”

In die doopregister van Uitenhage vind ons die volgende :

„Kornelis Marthinus Vermaak, gebore 6 Jan. 1846, gedoopt 27 April 1846. Ouers: Ignatius Marthinus Vermaak (Gamtoosrivier) en Anna Susanna Scheepers.”

Na die dood van haar tweede man, het Antjie Scheepers by haar seun Cornelis Coenraad Scheepers in die distrik van Heilbron, O.V.S., gewoon. Later het Cornelis Scheepers na Vryburg verhuis en toe het Antjie Scheepers, nou Vermaak, by haar seun Kornelis Vermaak (uit haar tweede huwelik) in die distrik Ladybrand gaan woon. Kornelis Vermaak is intussen met 'n weduwee, Anderson, getroud.

Frederick Wilhelm Anderson, die man wat later die graf van Antjie Scheepers aangewys het, was die seun van hierdie weduwee Anderson. Daar op Welgevonden, 'n plaas 5 myl van die dorp Ladybrand, is Antjie Scheepers in 1878 oorlede.

In 1940 toe ons oortuig geword het dat Antjie Scheepers wel begrawe lê op Welgevonden, het ons besluit dat sy op Ladybrand herbegrawe moes word en dat op haar graf 'n behoorlike monument wat eer aan haar nagedagtenis sou doen, opgerig moes word. Op Ladybrand is 'n Monument-kommissie benoem waarop haar afstammeling sterk verteenwoordig was. Verder het mnr. du Randt, dr. P. A. Conradie en ek ook daarop gedien. Ons sou dadelik fondse insamel vir die voorgestelde monument. Die kommissielede wat op Ladybrand en in die omgewing gewoon het, sou plaaslik en onder die afstammeling kollekteer en ek sou 'n omsendbrief aan die groter skole van die Vrystaat stuur en vra dat die leerlinge hulle muntstukkies na die skole bring vir die monument ter ere van Antjie Scheepers. Die leerlinge van die Vrystaat was toe reeds besig om £800 (R1,600) in te samel vir die Louw Wepener-monument op Bethulie. In 1941 toe die skuld op die Louw Wepener-monument affetaal was, het ek my omsendbrief uitgestuur en gevra dat die leerlinge bedank moes word vir hul prestasie insake die Louw Wepener-monument en verder dat hulle aangespoor moes word om hulle tweede taak aan te pak. Hoofde is gevra om uit die *Dagboek van Louis Trigardt* aan die leerlinge te vertel van Antjie Scheepers en dan mee te deel dat ons haar graf in die Vrystaat gevind het en dat ek namens die leerlinge van die Vrystaat ingestaan het dat die grootste gedeelte van die onkoste van die voorgestelde monument, uit ons skole sou kom.

Die reaksie was verblydend, maar baie stadig. Intussen egter het ek gekorrespondeer met verskeie kunstenaars oor 'n ontwerp vir die voor-

gestelde monument. Wyle dr. Gerard Moerdyk het goedgegunstig kosteloos 'n baie mooi plan met sketse en mate verskaf vir 'n pragtige monument wat gebou moes word met gekapte klip uit die wit kranse van die berge om Ladybrand. In die gedenkteken is voorsiening gemaak vir 'n ronde bronspaneel met 'n toneel uit die veelbewoë lewe van Antjie Scheepers. Laurika Postma, die bekende kunstenaars, is deur my versoek om die toneel vir die bronspaneel te ontwerp en nadat die ontwerp goedgekeur is, het sy



Antjie Scheepers op die kruin van die Drakensberge waar sy en 'n paar vroue aan die Trekkeiers die pad aanwys wat hulle aanbeveel.

die paneel gemodelleer en in brons laat giet onder haar toesig. Hierdie bronspaneel het £ 170 (R340) gekos en was in 1947 reeds gereed. Die toneel op die ronde paneel skets Antjie Scheepers op die kruin van die Drakensberge waar sy en 'n paar ander vroue aan die trekkeiers die pad langs die berg af wys wat hulle aanbeveel.

Daarna was daar groot vertraging wat jare geduur het. 'n Geskikte terrein waarop die monument opgerig kon word, kon eenvoudig nie gevind

word nie en het dié persone wat die grootste belang in die onderneming gestel het, intussen van standplaas verander — dr. Conradie en mnr. du Randt het Ladybrand verlaat en ek het van Bloemfontein na Transvaal verhuis. Verder is die familielid wat voorsitter van die plaaslike komitee op Ladybrand was, intussen oorlede. So het twintig jaar verloop, nadat in 1940 besluit is op 'n monument ter ere van Antjie Scheepers.

Later egter het nuwe persone wat intens belang in die projek gestel het, op Ladybrand op die toneel verskyn. Ek het van Pretoria na Ladybrand gereis en saam met hulle besluit dat die monument opgerig MOET word. Die bronspaneel was nog daar en in 'n spaarrekening was nog die ingesamelde geld wat egter nie genoeg was om die verdere uitgawes te dek nie. 'n Nuwe prinsipaal van die hoërskool bied toe aan dat die monument op sy skoolterrein opgerig kon word en na sy vertrek van Ladybrand, was sy opvolger net so geesdriftig dat dit daar moes staan. Ek sou die Direkteur van Onderwys in die Vrystaat nader vir verlof om weer 'n beroep op die leerlinge van die provinsie te doen vir hydraes ten einde die taak te voltooi. Die nuwe prinsipaal sou plaaslik kollekteer en die komitee wat toe twee nuwe predikante ingesluit het, sou 'n klipkapper soek om die werk aan te pak.

Hierdie laaste poging het geslaag. Die Vrystaatse leerlinge het weer bygedra en met ander hydraes — plaaslik en van elders — kon die taak uiteindelik tot voltooiing aangepak word.

Op Krugerdag, 10 Oktober 1963, was die monument gereed vir onthulling. Intussen is die stoflike oorskot van Antjie Scheepers op die plaas Welgevonden opgegrawe, in 'n kisse geplaas en in die monument vasgebou. Op die graf op Welgevonden waar haar stof vir 85 jaar gerus het, is 'n steen opgerig met opskrif om hierdie feit te konstateer. Die onthullingsplegtigheid is deur 'n groot opkoms van belangstellendes bygewoon.

Antjie Scheepers is nie meer 'n vergete persoonlikheid nie. Haar stoflike oorskot rus nie meer in 'n onbekende graf nie. 'n Lanbouhuishoudskool vir meisies, is na haar vernoem en op die skoolterrein van die hoërskool van Ladybrand, staan ter ere van haar, 'n pragtige monument wat opgerig is grotendeels met die muntstukies van die leerlinge van die Vrystaatse skole. Hierdie monument getuig van haar heldedade, haar lyding, haar moedertrou, deursettingsvermoë en vaderlandsliefde.

Dr. S. H. Pellissier.